# 1 Junie 2023 - Lesing 37 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die laaste vernietigingswerk – 23/6/60

**NO: 7630 Deur die wil van die mense self** sal die laaste werk wat alles verwoes aan die gang gesit word, - maar Ek gaan nie teen hierdie wil in nie, - ten eerste omdat dit vry is en hulle ook self moet verantwoording doen - en ten tweede, omdat Ek ook op hierdie wil **My heilsplan opgestel het,** sodat ook dit nog bevorderlik kan wees vir die vêrdere ontwikkeling van die geestelike.

Ek beweeg die mense waarlik nie om verkeerd te wil en te handel nie. Ek gee hulle alleen maar die volste vryheid, wat hulle egter misbruik, deurdat hulle in die wette van die natuur ingryp, deurdat hulle **proefnemings uitvoer met kragte wat hulle nie kan beheers nie** en waarvan hulle die uitwerking nie ken nie. Maar dit is hul eie skuld, omdat hulle met lae motiewe eksperimenteer, omdat dit nie gedagtes van liefde is wat hulle aanspoor tot hul voornemes nie. En daarom het hierdie skuld ook so ‘n ontsettende uitwerking. Dit sal ‘n werk van verwoesting wees, waaraan **alles ten prooi val wat in, op en bo die aarde leef.** En al bly die hemelliggaam (aarde) ook nog bestaan, tog sal **die hele aardoppervlak verander** en dit beteken, - vernietiging van al die lewe en alle skeppingswerke op hierdie aarde wat die geestelike gebonde hou.

So word die geestelike voorlopig een keer die vryheid gegee, dit kan die vorm ontvlug, dit maak nie saak in welke graad van rypheid dit aangekom het nie. Maar hulle behou hierdie vryheid nie, want hulle moet hul ontwikkelingsgang voortsit en **om hierdie rede word hulle weer in nuwe vorme ingelyf**. En om vir die geestelike wat nog in die skeppings gebonde is 'n vêrdere ontwikkeling moontlik te maak, laat Ek ook die verkeerde wil van die mense toe wat die vernietigingswerk teweegbring. **Maar ook die mensdom self sal in haar verkeerde wil ten gronde gaan** - en alleen maar **Myne** sal die laaste vernietiging oorleef, maar van hulle sal daar **maar weinig wees**.

Die grootste deel van die mense is egter vir My in geestelike opsig al so vreemd, dat hul geestelike lot al bepaal is, want hulle het op so ‘n lae vlak aangekom **wat ‘n vêrdere ontwikkeling op hierdie aarde nie moontlik maak nie**. Hulle bring self deur hul toestand wat glad nie meer geestelik is nie, die einde van die aarde teweeg en gevolglik sal dit net so gebeur soos wat die mense dit self wil.

**Alles sal verander word**, nou egter volgens My wet van ewige orde. Die mense sal wel die aanleiding daartoe gee, maar Ek Self bepaal en stuur die verwerking, in ooreenstemming met My heilsplan van ewigheid, wat op die verkeerde wil van die mense gebaseer word, sodat al die verkeerde denke tog nog goeie resultate tot gevolg het.

Ek stuur dus hierdie verwoesting volgens My Wil, wat weliswaar nie strook met die wil van die mense nie, **maar wat tog die vêrdere ontwikkeling van die geestelike sal dien**. Dit is My plan wat Ek julle steeds weer tot kennis bring, sodat elkeen van julle homself afsonderlik, beantwoordend aan hierdie plan, kan vorm solank daar nog tyd voor is. **Want elkeen kan nog tot diegene behoort wat aan die einde gered word**, elkeen kan homself nog in sy wese so omvorm **dat hy aan Myne behoort**. Maar hy moet aan **My in JaHshua die Messias** glo en hy moet in die liefde lewe. Hy moet sy wil na My wend en Ek sal hom dan aanneem en hom die krag skenk wat hy nodig het om sy wese te hervorm.

Dan sal hy ook die einde nie hoef te vrees nie, selfs wanneer die wêreldgebeure hulself so dreigend skyn te ontwikkel. Want **Myne beskerm Ek in elke nood en alle gevaar;** Ek help hulle aards en geestelik, want hulle moet sterk word in die geloof en daarom sal hulle ook duidelik My hulp ervaar. Dit maak Ek steeds aan julle mense en weer en weer bekend, sodat julle julleself kan voorberei, want die einde kom onherroeplik, omdat die tyd vervul is. Amein.